NATURA
A natural way of life™

# LYMPHA DROPS
## PATIENT INFORMATION LEAFLET

**SCHEDULING STATUS** Unscheduled

**PROPRIETARY NAME, STRENGTH AND PHARMACEUTICAL FORM**
Lympha (Drops)

**Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you**
Lympha is available without a doctor's prescription for you to treat a mild condition. Nevertheless you still need to use Lympha carefully to get the best results from it.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- Do not share Lympha with any other person.
- Ask your pharmacist or healthcare practitioner if you need more information or advice.
- You must see a healthcare practitioner if your symptoms are severe or persist without improvement.

**1. WHAT LYMPHA CONTAINS**
The active ingredients in Lympha are *Arctostaphylos uva-ursi* Spag D3, *Betonica officinalis* D3, *Capsella bursa-pastoris* Spag D3, *Cnicus benedictus* Spag D3, *Equisetum arvense* Spag D3, *Geranium robertianum* Spag D3, *Lamium album* Spag D3, *Lycopodium clavatum* Spag D3, *Phaseolus nanus* Spag D3, *Scrophularia nodosa* Spag D3, *Sedum acre* Spag D3, *Solidago virgaurea* Spag D3, *Stellaria media* Spag D3, *Verbena officinalis* Spag D3. The other ingredients are ethanol and purified water. Preservative: 20 % Ethanol. Sugar free.

**2. WHAT LYMPHA IS USED FOR**
Lympha is a homoeopathic medicine which promotes the function of the lymphatic system by stimulating the drainage of toxins.

**3. BEFORE YOU TAKE LYMPHA**
**Do not take Lympha**

- If you are hypersensitive (allergic) or intolerant to any of the active ingredients or other ingredients in Lympha.

**Take special care with Lympha:**

- Please consult your healthcare practitioner if your symptoms are severe or persist without improvement.
- If you experience an allergic reaction after taking Lympha, discontinue use and consult your healthcare practitioner.
- If you want to substitute existing medical treatment, please consult your doctor or healthcare practitioner before doing so.

**Taking Lympha with food and drink**
Do not take Lympha within half an hour of strong coffee, chocolate, camphor or aromatic substances as these may reduce the efficacy of the homoeopathic components.

**Pregnancy and breastfeeding**
Homoeopathic medicines have traditionally been used during pregnancy and breastfeeding. It is however recommended that if you are pregnant or breastfeeding, that you consult your healthcare practitioner for advice before taking any medicine.

**Driving and using machinery**
When used at the recommended dosage, Lympha does not interfere with your ability to drive or use machinery.

**Important information about some of the ingredients**
Lympha contains ethanol. Patients with a sensitivity or intolerance to alcohol should not take Lympha.

**Using other medicines with Lympha**
Always tell your healthcare practitioner if you are taking other medicines. (This includes complementary or traditional medicines.) Lympha is not known to interact with other medicines.

**4. HOW TO TAKE LYMPHA**
Do not share medicines prescribed for you with any other person. Always check with your pharmacist or healthcare practitioner if you are unsure how to take this medicine. The drops should be taken on the tongue or diluted in a little water. The mouth should be free of other strong tastes (e.g. toothpaste, peppermint, etc.) when taking the medicine. To dispense the drops, twist off the screw cap breaking the seal with first use. Ensure the arrow on the top of the dropper insert is facing down towards your tongue or container with water to ensure a continuous flow of drops.

**The usual dosage is:**
Take 10 drops three times daily.
At the start of treatment or when symptoms are acute, the dosage may be taken every 1-2 hours. Reduce the frequency of dosing with improvement.

**If you take more Lympha than you should**
There are no known symptoms of overdose. If a side effect is experienced following an overdose, consult your healthcare practitioner or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison control centre.

**If you forget to take a dose of Lympha**
Do not take a double dose to make up for a missed dose.

**5. POSSIBLE SIDE EFFECTS**
There are no known side effects for Lympha. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking this medicine, please consult your healthcare practitioner or pharmacist for advice.

**6. STORING AND DISPOSING OF LYMPHA**
Store at or below 25 °C in a cool, dry place protected from light and moisture. Keep the container tightly closed. Do not store in a bathroom. **Store all medicines out of the reach of children**. Return all un-used medicines to your pharmacist.

**7. PRESENTATION OF LYMPHA**
Lympha drops are available as 25 ml liquid packed in an amber glass bottle with dropper insert and white HDPE tamper-evident screw-on cap.

**8. IDENTIFICATION**
Lympha drops is a clear, colourless liquid with an alcohol taste and aroma.

**9. REFERENCE NUMBER**
U1071 (Act 101/1965)

**10. NAME AND ADDRESS OF THE APPLICANT**
CoMED Health (Pty) Ltd., 313 Kuit Street, Waltloo, Pretoria, 0184. Tel: 012 813 9400.
www.comedhealth.co.za (See also www.natura.co.za)

**11. DATE OF PUBLICATION**
April 2021

**12. COMPLEMENTARY MEDICINE**
Homoeopathic medicine
Disclaimer: This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety or intended use.

NATURA
A natural way of life™

# LYMPHA DRUPPELS
## PASIËNTINLIGTINGSBLAD

**SKEDULERINGSTATUS** Ongeskeduleerd

**HANDELSNAAM, STERKTE EN DOSERINGSVORM**
Lympha (Druppels)

**Lees hierdie inligtingsblad sorgvuldig deur want dit bevat belangrike inligting vir jou**
Lympha is beskikbaar sonder 'n doktersvoorskrif vir die verligting van geringe toestande. Lympha moet nogtans met sorg gebruik word om die beste resultate daaruit te kry.

- Bewaar hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees om dit weer te lees.
- Moet nie Lympha met enige ander persoon deel nie.
- Vra jou apteker of gesondheidspraktisyn as jy meer inligting of advies benodig.
- Jy moet 'n gesondheidspraktisyn sien as jou simptome vererger of nie verbeter nie.

**1. WAT LYMPHA BEVAT**
Die aktiewe bestanddele in Lympha is *Arctostaphylos uva-ursi* Spag D3, *Betonica officinalis* D3, *Capsella bursa-pastoris* Spag D3, *Cnicus benedictus* Spag D3, *Equisetum arvense* Spag D3, *Geranium robertianum* Spag D3, *Lamium album* Spag D3, *Lycopodium clavatum* Spag D3, *Phaseolus nanus* Spag D3, *Scrophularia nodosa* Spag D3, *Sedum acre* Spag D3, *Solidago virgaurea* Spag D3, *Stellaria media* Spag D3, *Verbena officinalis* Spag D3.
Die ander bestanddele is etanol en gesuiwerde water.
Preserveermiddel: 20 % Etanol. Suikervry.

**2. WAARVOOR LYMPHA GEBRUIK WORD**
Lympha is 'n homeopatiese medisyne wat die funksie van die limfatiese stelsel bevorder deur die dreinering van toksiene te stimuleer.

**3. VOORDAT JY LYMPHA GEBRUIK**
**Moet nie Lympha neem**

- Indien jy allergies of hipersensitief is teenoor enige van die aktiewe bestanddele van Lympha of dit nie kan verdra nie.

**Wees veral versigtig met Lympha:**

- Raadpleeg asseblief jou gesondheidspraktisyn indien jou simptome ernstig is of voortduur sonder verbetering.
- Stop die gebruik van Lympha dadelik en raadpleeg jou gesondheidspraktisyn indien jy 'n allergiese reaksie ervaar nadat jy Lympha geneem het.
- As jy bestaande mediese behandeling wil vervang, raadpleeg jou dokter of gesondheidspraktisyn voordat jy dit doen.

**Gebruik van Lympha saam met voedsel en vloeistowwe**
Moet nie Lympha binne 'n halfuur van sterk koffie, sjokolade, kamfer of aromatiese stowwe neem nie, aangesien dit die effektiwiteit van die homeopatiese komponente kan verminder.

**Swangerskap en borsvoeding**
Homeopatiese medisyne is tradisioneel tydens swangerskap en borsvoeding gebruik. As jy swanger is of jou baba borsvoed, word dit egter aanbeveel dat jy jou gesondheidspraktisyn raadpleeg vir advies voordat jy enige medisyne gebruik.

**Die gebruik en bestuur van masjinerie**
Teen die aanbevole dosis, sal die gebruik van Lympha nie 'n mens se vermoë om masjinerie te bestuur en veilig te gebruik beïnvloed nie.

**Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele**
Lympha bevat etanol. Pasiënte met 'n sensitiwiteit of onverdraagsaamheid teenoor alkohol moet nie Lympha neem nie.

**Gebruik van ander medisyne saam met Lympha**
Vertel altyd jou gesondheidspraktisyn as jy ander medisyne gebruik. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.) Dit is nie bekend dat Lympha met ander medisyne reageer nie.

**4. HOE OM LYMPHA TE GEBRUIK**
Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie. Raadpleeg altyd jou apteker of gesondheidspraktisyn indien jy nie seker is hoe om hierdie medisyne te gebruik nie. Die druppels moet op die tong geneem word of in 'n bietjie water verdun word. Die mond moet vry wees van ander sterk smake (bv. tandepasta, peperment, ens.) wanneer die medisyne geneem word. Om die druppels te gebruik, skroef die skroefprop af en breek die sekerheidseël. Maak seker dat die pyltjie op die bokant van die drupper af wys na die tong of die houer met bietjie water om `n deurlopende vloei van die druppels te verseker.

**Die gewone dosis is:**
Neem 10 druppels drie keer per dag.
By die aanvang van simptome of wanneer hulle ernstig is, kan die dosis 1-2 uurliks geneem word. Verminder die dosering met verbetering.

**Indien jy meer Lympha gebruik as wat nodig is**
Daar is geen aangemelde simptome van oordosering met Lympha nie. Indien jy 'n newe-effek ervaar na oordosering, raadpleeg jou gesondheidspraktisyn of apteker. Indien hulle nie beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

**As jy vergeet om 'n dosis Lympha te neem**
Moet nie 'n dubbeldosis neem om vir 'n oorgeslaande dosis van Lympha op te maak nie.

**5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**
Daar is geen newe-effekte vir Lympha aangemeld nie. Indien jou algemene gesondheid versleg of indien jy enige newe-effekte ondervind wanneer jy hierdie medisyne gebruik, raadpleeg jou gesondheidspraktisyn of apteker vir advies.

**6. BERGING EN VERNIETIGING VAN LYMPHA**
Bewaar by of benede 25 °C in 'n koel, droë plek en beskerm teen lig en vog. Hou die houer dig gesluit. Moenie in 'n badkamer stoor nie. **Hou alle medisyne buite bereik van kinders**. Bring alle ongebruikte medisyne aan jou apteker terug.

**7. AANBIEDING VAN LYMPHA**
Lympha druppels is beskikbaar as 25 ml vloeistof in 'n amber glasbottel met drupper inleg en wit HDPE skroefprop met sekerheidseël.

**8. IDENTIFIKASIE**
Lympha druppels is 'n helder deursigtige vloeistof met 'n alkohol smaak en aroma.

**9. VERWYSINGSNOMMER**
U1071 (Wet 101/1965)

**10. NAAM EN ADRES VAN DIE APPLIKANT**
CoMED Health (Pty) Ltd., Kuitstraat 313, Waltloo, Pretoria, 0184. Tel: 012 813 9400.
www.comedhealth.co.za (Sien ook www.natura.co.za)

**11. DATUM VAN PUBLIKASIE**
April 2021

**12. KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE**
Homeopatiese medisyne
Vrywaring: Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA vir sy kwaliteit, veiligheid of voorgestelde gebruik geëvalueer nie.